Towerlantern Fotografie

# fotografienuus

november 2023



Natuurlike kollig

*Lensopening: f5;*

*Sluiterspoed: 1/40 sekonde;*

*Fokale lengte: 70 mm*

Ons is almal so gewoond aan kleur dat dit dalk vreemd mag wees om die voorblad van hierdie uitgawe van Fotografienuus as 'n swart-en-wit foto te sien. Wees egter verseker, swart-en-wit fotografie is by baie fotograwe nog 'n baie belangrike saak. Ons maak daarom die hooftema van hierdie uitgawe swart-en-wit fotografie.

Jy kan deesdæ nie meer 'n tydskrif of koerant oopslaan nie, of jy lees een of ander iets oor kunsmatige intelligensie (AI). Ons het reeds twee maande gelede in Fotografienuus begin met 'n reeks hieroor. Maak seker dat jy dit nie misloop nie.

As fotograaf – met selfoon of kamera – soek jy sekerlik altyd na mooi omgewings vir foto's. Daarom dat ons maandeliks vir jou op reis neem na een of ander omgewing met mooi foto's. Hierdie keer dek ons 'n baie wye terrein, waarna verwys word as die Ring van Vuur.

Moet asseblief nie hierdie, en ander, onderwerpe mislees nie, veral nie dié oor kunsmatige intelligensie nie – jy gaan letterlik vir die res van jou lewe hiermee te doen kry. Geniet hierdie uitgawe.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk
**Bladuitleg:** Fransa van Colourcode Designs

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief?*
*Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.*
*Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.*

# voorbladfoto

Die voorbladfoto is teen laatmiddag geneem – dit kan duidelik uit die foto waargeneem word weens die sybeligting. Jy sal ook onthou dat daar vir fotograwe gesê word om te kyk na die "goue ure" van die dag, naamlik die eerste uur of twee na sonop en die eerste twee ure voor sononder. Behou dit altyd as riglyn vir goeie fotografie.

Die kamera-instellings is maklik om te verstaan: Om dit na te doen, kies 'n lenswydte (die fokale lengte), in hierdie geval 70 mm. Gaan dan verder met die lensopening, hier f5, en stel dan met behulp van die kamera se "liniaal" die sluiterspoed (1/40 sekonde, of soos van toepassing) (of ruil die lensopening en sluiterspoed se volgorde om, indien nodig).

Wat by hierdie foto vir die meeste lesers nuut mag wees, is om die regte instelling te kry vir 'n swart-en-wit foto. Ons gesels verderaan meer hieroor.




# WAT IS MONOCHROME FOTOGRAFIE?

Die woord monochroom (van Grieks *monos*, enkel, en *chroma*, suiwerheid van 'n kleur) beteken "eenkleurig" of "skakerings van dieselfde kleur". In fotografie kan dit na verskillende enkel kleure verwys, byvoorbeeld blou of bruin, en dan natuurlik ook na swart-en-wit fotografie, wat die algemeenste is.

Met die ontstaan van fotografie was foto's bloot net eenkleurig. Die tegniek van kleurfotografie is eers later ontwikkel, en gedurende 1855 in 'n artikel beskryf deur die fisikus James Clerk Maxwell.

Swart-en-wit fotografie het sy eie plek as fotogenre. Die tydskrif Black & White byvoorbeeld, spesialiseer in swart-en-wit kunsfotografie. Gaan na die skakel https://www.bandwmag.com/ en blaai gerus rond. Die tydskrif spog met 'n argief van meer as 122 000 foto's!

# Swart-en-wit fotografie tema & wenke

Swart-en-wit fotografie impliseer dat jy die werklikheid soms ook as swart en wit mœt sien – kleurgewys bedœl en nie emosioneel-gewys nie! Partykeer is dit maklik, byvoorbeeld swart en wit spœlklippe in 'n rivierbedding bymekaar of wit gewels van afgebrande geboue met plek-plek swart brandmerke daarby. Dikwels is dit mœilik om tonele raak te sien, maar algaande kan jy met œfening dit wel aanleer.

Let veral gedurende die goue ure van fotografie op na sonverligte tonele, soos die voorbladfoto. In die winter kan jy ook oplet na kaal donker stamme teen, verkieslik, 'n vaalgrys lug-agtergrond. Die foto hierby wys so 'n idee.


Foto's kan direk in swart-en-wit geneem word en, indien nodig, agterna per rekenaar-programmatuur meer versadig en kontrasterend gemaak word. Die boomfoto hierby is so 'n geval: Die boom is swarter gemaak en die lug witter, só is die foto byna net swart en wit – die ideaal. Die tweede foto hierby wys hœ die oorspronklike foto gelyk het.

'n Laaste wenk: Voordat jy op 'n fotosessie gaan, is dit belangrik om te weet hœ om die swart-en-wit keuse op jou kamera te dœn – œfen dit dus eers by jou huis of tuin. Op die Canon word dit soos volg gedœn (en as jy nie 'n Canon het nie, probeer 'n soortgelyke paadjie op jou kamera volg): Gaan na die spyskaart, kies dan: *Picture Style*, en dan *Monochrome*. Onthou om agterna weer die stelling te ontdœn – behalwe as jy nog verdere swart-en-wit foto's wil neem.





# Swart-en-wit fotografie tema & wenke *(vervolg)*






Jy kan ook met jou kamera 'n kleurfoto neem en dit agterna per kamera- of rekenaarprogrammatuur na swart-en-wit verander. Hierdie werkwyse word egter nie aanbeveel of aangemœdig nie.

Ten slotte, as samevatting: Geniet jou swart-en-wit-fotografie. Daar sal vir jou 'n nuwe wêreld oopgaan – soos die populierstamme op hierdie foto wys.

# RIGLYNE VIR SWART-EN-WIT FOTOGRAFIE

**VOORAF** Ons aanvaar jy het 'n toneel voor jou wat geskik is vir 'n gœie swart-en-wit foto.
Dit kan byvoorbeeld 'n laatmiddag sonverligte toneel wees, soos die voorblad-foto.

### TIPE LENS
Gebruik enige tipe lens – van wyd tot smal.

### FORMAAT
Enige formaat is in orde; selfs vierkantig.

### ISO
Gebruik die laagste ISO-waarde, byvoorbeeld 100.

### WITBALANS
Pas aan by die ligomstandigheid – en kyk of dit die swart-en-wit foto beïnvlœd.

### FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING
Kies die sonverligte gebied as fokuspunt.

### LENSOPENING
'n Middelwaarde; f11 tot f22 sal gœd werk. Tœts dit verder self uit.

### SLUITERSPOED
Gebruik die liniaal vir 'n "korrekte" instelling van die sluiterspœd.

### FYN FOKUSSERING
Kontroleer die fotoskerpte by die trefpunt van die foto.

*Towerlantern Fotografie*
- november 2023 -

# ROBOTTE EN ANDER BOTTE


Ons het twee maande gelede begin met 'n reeks oor kunsmatige intelligensie (AI). Ons het afgespreek dat die bespreking eerder wyer gaan wees as wat dit in diepte gaan wees en dat die bedœling is dat elke leser van Fotografienuus dit mœt kan verstaan. Ons het ook genœm dat jy nie angsbevange hœf te wees by die aanhoor van die uitdrukking "kunsmatige intelligensie" (AI) nie – net soos jy nie angstig hœf te wees oor jou selfoon en wat dié kan dœn nie.

**********

Ons gesels ook eers verder oor die begrip "intelligensie". Hierdie begrip kan wyd verstaan word. Ons nœm 'n paar aspekte van intelligensie (en dink ook aan jou eie intelligensievlakke):

- Intelligensie behels die vermoë om "syfervaardig" te wees (om byvoorbeeld berekenings te kan dœn).
- Intelligensie behels die vermoë om te kan "redeneer" (om byvoorbeeld besluite te kan neem).
- Intelligensie behels die vermoë om "handvaardig" te wees (om byvoorbeeld herhalend iets te kan dœn).
- Intelligensie behels die vermoë om "skeppend" te wees (om byvoorbeeld data te orden).

Ons gesels verder oor 'n paar voorbeelde waarmee almal bekend is om te sien hœ dit by hierdie intelligensievlakke aansluit.




## YOUTUBE

Gaan na YouTube en gebruik die sœkterm "*exsultate, jubilate jenkins*" of enige sœkterm wat jy nog nooit op YouTube gebruik het nie. Natuurlik sal jy 'n verskeidenheid inligting kry, en blitsvinnig. Maak een van hierdie resultate oop, en dan weer tœ. Gaan later, en ook verdere dæ, weer na YouTube. Jy sal opmerk dat daar verwante "voorstelle" gewys word. En as jy enigeen sou oopmaak, dan kom daar net nog nuwe voorstelle.

Hierdie is duidelik 'n vorm van kunsmatige intelligensie, maar hœ werk dit? Dink aan 'n biblioteek met geordende bœke – elke bœk het dus volgens sy soort 'n kode. Dink verder aan 'n bekwame biblioteek-assistent wat jou ken en wat by 'n tweede besœk van jou aan die biblioteek verwante bœke (bœke met

verwante nommerkodes) vir jou gereed hou. Net so werk die programmatuur wat YouTube gebruik – daar word altyd iets vir jou "gereed gehou".

## ROBOTTE EN BOTTE


Almal ken verkeersligte – meeste daarvan werk slaafs, al in die rondte. Maar daar is ook "intelligente" robotte wat motorvloei kan waarneem en via 'n rekenaarprogram besluite kan neem oor die regulering van die verkeer.

Ander "robotte" kan soortgelyk werk verrig, byvoorbeeld die Kreepy Krauly in jou swembad of jou stofsuier wat self 'n vertrek kan skoonmaak. Let op dat al hierdie voorbeelde "slawewerk" is – werk wat jy eintlik sou moes doen, tot satwordens toe.

Algemeen gesê is "botte" (afkomstig van ro*bot*) bloot net slawe wat duisend take in 'n oomblik kan verrig. Ons sluit af met die volgende voorbeeld: Gestel daar bestaan vir elke provinsie in die land 'n gerekenariseerde "outydse" telefoonboek met selnommers – dorp vir dorp, stad vir stad. Ek wil weet hoeveel *"JHdeKlerk"*-inskrywings is daar in die hele land. As ek dit met die hand sou moes doen, elke dorp, elke stad, sou dit my 'n jaar neem en voor die jaar om is, sou ek my lus totaal verloor het.

Wat is die oplossing? Maklik, skryf vinnig 'n app, genoem 'n bot, en laat dié die soektog doen. Dit sal sekondes neem om die resultaat te kry – en my koffie sou nog nie eens koud wees nie.

Volgende keer gesels ons verder oor botte en wat hulle kan doen. As jy lus het, kyk ondertussen na die bespreking hieroor by die adres:
https://www.techtarget.com/whatis/definition/bot-robot




# GAAN OP REIS

saam met Towerlantern



Calbuco-vulkaan, Chile,
23 April 2015.
APP PHOTO/FRANCISCO NEGRONI



# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*

Op 26-27 Augustus 1883 was daar 'n "ontploffing" van wêreldwye omvang wat deur die skrywer Simons Winchester beskryf word as "the day the world exploded". So hard was die slag dat dit meer as 3600 kilometer ver in Australië en die eiland Rodrigues, naby Mauritius, in die Indiese Oseaan gehoor is.


Die oorsaak vir hierdie "ontploffing" was die uitbarsting van die eiland-vulkaan Krakatoa in die huidige Indonesië. 'n Foto hierby van die 1883-gebeure wys die dramatiese aard van die toneel.

Die volgende samevattende beskrywing van die ontploffing gee 'n effense idee daarvan:

- In vergelyking met die atoombom wat Hiroshima, Japan, gedurende die Tweede Wêreldoorlog verwoes het, was hierdie vulkaniese uitbarsting 13 000 keer kragtiger.
- Die hoeveelheid rots wat deur die vulkaan uitgeblaas is, was ongeveer 25 kubieke kilometer.
- Daar word gereken dat minstens 36 400 mense in hierdie uitbarsting gedood is.

**********

Die eiland Krakatoa is maar een van baie vulkane en ander seismiese onstabiliteite in 'n amper ringvormige gebied rondom die Stille Oseaan. Die gebied staan dan ook bekend as die Ring van Vuur, Engels: *Ring of fire*.




Die kaart hierby toon die Ring van Vuur, met Krakatoa heel links, by Java, aangedui deur die pyl.

******

Jy mag dalk wonder waarom ons in Fotografienuus die Ring van Vuur nœm en bespreek. Een rede, en die mees waarskynlike een, is dat fotograwe altyd hunker na nuwe omgewings vir foto's. En vulkane is wonderlike geleenthede.

Hierdie Ring van Vuur-gebied is so groot dat waar jy ook al naby die Stille Oseaan kom, jy nie ver sal wees van een of meer vulkane nie. As voorbeeld (lees die kaart kloksgewys van links onder): Nieu-Zeeland, Tonga (dink aan die onlangse Wêreldbeker rugbyspan), Java (en Krakatoa), Japan, Alaska, die weste van Kanada, die VSA, Mexiko en die hele weskus van Suid-Amerika.

Ons stel die volgende voor vir 'n moontlike reis: Kies minstens een van hierdie plekke waar jy een of ander tyd in jou lewe na tœ sal wil gaan. Hier is 'n paar reisbestemmings:

- https://tinyurl.com/yckc24am
- https://tinyurl.com/47cv7zu5

**NOG BRONNE:**

- https://en.wikipedia.org/wiki/Ring_of_Fire
- https://tinyurl.com/vkkhtkkm
- https://tinyurl.com/3ujem6y3
- https://tinyurl.com/4rp95tnm

**NUUS** *vanaf Towerlantern*

# Afgehandelde kursusse

Ons was bevoorreg om weer gedurende 2023 ons verskillende kursusse, eerstevlakkursus, gevorderde kursus en spesialiskursus te kon aanbied.

As leser kan jy gerus met enigeen van die kursusgangers wat sy/haar kursus suksesvol afgehandel het, gesels. Dœn navraag oor die aanbieding, en meer nog, die kennis en vaardigheid wat deur die jaar verkry is. Almal wat dit afgehandel het, is wonderlik bly oor die nuwe stokperdjie – vir sommige nog meer, want onder ons fotograwe is daar ook diegene wat kans sien vir geleentheidsfoto's en ander professionele hulp.

Ons is dankbaar teenoor die Here vir wat ons alles kon aanbied en dœn. Baie dankie vir elkeen se aandeel aan die saak, in die besonder ook Johann Nel.

Ons beplan om DV volgende jaar weer hierdie kursusse aan te bied. Volledige inligting volg net hierna. Neem kennis daarvan dat hierdie 'n gœie verjaarsdag- of Kersgeskenk kan uitmaak. Wees ook bewus daarvan dat tariewe tot 31 Desember verlaag is van R1300 na R1000 per kursus.

**R300 AFSLAG**

NUUS *vanaf Towerlantern*

# Komende kursus: Eerstevlak-fotografiekursus

Towerlantern beplan 'n volgende plaaslike fotografiekursus gedurende Januarie en Februarie 2024. Kom leer hœ om jou kamera te hanteer en hœ om mooi foto's te kry. Die besonderhede is soos volg:

**Plek:** Marthinus Wesselstraat 7, Potchefstroom.

**Begindatum:** Die begindatum is DV Januarie 2024. Die eerste en verdere datums sal later bekend gemaak word om almal te pas.

**Tyd:** 17:00 tot 19:30.

**Prys (tot 31 Desember 2023):** R1 000, waarvan 'n deposito van R500 vooraf betaalbaar is met registrasie, en R500 by die eerste klasgeleentheid. 'n Plek is eers vas nadat die deposito betaal is.

**Besonderhede:** Die kursus bestaan uit 8 klasgeleenthede van 2½ uur elk. Baie tyd word ook aan praktiese werk gegee.

**Samevatting van kursus:** Komposisie, kleur, lig; lensopening, sluiterspœd; ISO, beligting, ligmeting; fokussering, lense en fokale lengte, perspektief; mens-, sport-, stillewe-, landskap-, argitektuur-, reisfotografie; kreatiwiteit, abstrakte fotografie, blom-, makro-, argitektuur- en reisfotografie, kunsfotografie.

**Benodigdhede:** 'n SLR-kamera met basiese instellings, sluiterspœd, lensopening en ISO is 'n noodsaaklikheid. 'n Driepoot is nie absoluut noodsaaklik nie, maar word hoog aanbeveel.

**Kontakpersoon en -adres:** Johan de Klerk 082-884-7061; johan@towerlantern.co.za

NUUS
*vanaf Towerlantern*

# Komende kursus: Gevorderdevlakkursus

Het jy onlangs die eerstevlakkursus afgehandel, of wil jy die rœs van ou kennis afkrap? Oorweeg dan om ons gevorderde kursus by te woon. Jy sal verbaas wees hœveel jy gaan leer.

Jy kan hierdie kursus direk dœn nadat jy die eerstevlakkursus afgehandel het. Daar kan selfs 'n mate van oorvleueling wees aangesien die tweede kursus by dieselfde onderwerpe begin as die eerste. Ons nœm dit want soms reken mense hulle mœt na die eerste kursus self eers œfen voordat hulle die volgende aanpak. Dit is egter 'n denkfout – die tweede is juis 'n inskerping van die eerste.

Die **inhoud** van die kursus kan soos volg saamgevat word:

- Komposisie en kleur
- Lig – en jou kamera
- Lig – jou kreatiwiteit en die kamera
- Van kreatiwiteit tot kunsfotografie
- Met kreatiwiteit na stillewefotografie
- Met kreatiwiteit na mens- en dierfotografie
- Met kreatiwiteit op reis
- Met kreatiwiteit na die natuur

**Algemeen:** Die kursus bestaan uit 8 klasse en strek oor 8 maande. Aandag word veral gegee aan praktiese aspekte van hierdie genres.

**Vereistes:** 'n SLR-kamera met verstelbare instellings word hoog aanbeveel. So ook 'n driepoot.

**Aanvangsdatum:** Die begindatum is DV Februarie 2024.

**Werkwyse:** Die klasse word een keer per maand aangebied. Die kursus strek dus oor 8 maande.

**Prys (tot 31 Desember 2023):** R1 000, waarvan 'n deposito van R500 vooraf betaalbaar is met registrasie, en R500 by die eerste klasgeleentheid. 'n Plek is eers vas nadat die deposito betaal is.

**Kontakpersoon en -adres:** Johan de Klerk 082-884-7061; johan@towerlantern.co.za

NUUS *vanaf Towerlantern*

# Komende kursus: Spesialiskursus

Ken jy jou kamera gœd, maar jy wil jou graag op bepaalde onderwerpe dieper ingrawe? Dan is ons Spesialiskursus net die regte keuse vir jou.

Ons varieer die inhoud in 'n mate van jaar tot jaar. Vir 2024 beplan ons om tweemaandeliks aandag te gee aan 4 van die volgende genres:

- Natuurfotografie
- Nabyfotografie
- Mensfotografie
- Impressionistiese fotografie
- Kreatiwiteitsfotografie

Sou jy in hierdie sake belangstel, word jy uitgenooi om vir hierdie kursus in te skryf. Die verdere inligting is soos volg:

**Algemeen:** Die kursus bestaan uit 8 klasse en strek oor 8 maande. Aandag word veral gegee aan die praktiese aspekte van hierdie genres.

**Vereistes:** 'n SLR-kamera met verstelbare instellings is noodsaaklik. So ook 'n driepoot.

**Aanvangsdatum:** Die begindatum is DV Februarie 2024.

**Werkwyse:** Die 8 klasse word gestruktureer as 4 dubbelmaand-geleenthede. By die eerste sessie word die onderwerp bespreek en prakties beœfen. By die tweede sessie word die student in 'n sekere mate aan hom-/haarself oorgelaat om tydens 'n drie uurlange fotosessie by drie verskillende terreine foto-opdragte uit te vœr.

**Prys (tot 31 Desember 2023):** R1 000, waarvan 'n deposito van R500 vooraf betaalbaar is met registrasie, en R500 by die eerste klasgeleentheid. 'n Plek is eers vas nadat die deposito betaal is.

**Kontakpersoon en -adres:** Johan de Klerk 082-884-7061; johan@towerlantern.co.za

# van ons lesers

## *Ons vakansie in Moab, Utah*

Tineké en Cobus van der Walt, St Louis, VSA

Ons is tans met vakansie in die staat Utah, VSA, en bly in die dorp Moab.

Moab is omring deur ongelooflike berge, rotsformasies, rotstorings, canyons en rotsboë. In die omgewing is Arches Nasionale Park met sy baie bekende "Delicate Arch" en "Balanced Rock".

Canyonlands Nasionale Park is weer bekend vir sy canyons en mesas (plat heuwels) wat oor baie eeue gevorm is deur die Colorado- en Greenrivier. Die landskap is ongelooflik mooi en ander-wêrelds. Dit is feitlik onmoontlik om dit vir iemand te beskryf.

Ons neem honderde foto's en tog is dit mœilik om die grootsheid van die omgewing vas te vang – ons deel 'n paar daarvan. En let op na die skrywer by die boogformasie.

Mens staan klein en nederig en besef die grootheid van ons Skepper. Wat 'n voorreg om dit te beleef!









*Let op na die mensfiguur onder regs*

# OP INTERNET GESIEN


Elliott Erwitt se fotografie-loopbaan strek oor 7 dekades. Hy is bekend vir sy openhartige swart-en-wit-foto's. Sommige daarvan is selfs grappig!

Kyk hier na 'n versameling van sy foto's wat tans in die Leica Galery in Wetzlar, Duitsland uitgestal word om sy fotoloopbaan te herdenk: https://tinyurl.com/mrbdedbn





Ons het hierdie treffende foto van 'n gompou op *The Flacks Photography* op Facebook raakgeloop. Die foto is geneem met 'n ISO van 6400. Ja, dit is hoog, maar die fotograaf se siening is dat dit belangriker is om eerder ongelooflike foto's te neem, as wat dit is om veilig te speel. Neem dus eerder daardie spesiale oomblikke af. Lees meer hieroor by https://rb.gy/8s4nl



# FOTO-idees

Idee 1: Wees gereed vir enige moontlike fototoneel – al het jy net jou selfoon by jou, soos die geval met hierdie kleurvolle orrelpype.



# FOTO-*idees*

Idee 2: Gesels met die bome, bosse en basse wat jy teëkom en neem stilletjies foto's van hulle.

# FOTO-*idees*

Idee 3: Sœk rond vir ligene op bome en rotse – jy kry dalk net jou trefferfoto.






FOTO-*idees*

Idee 4: Soek laatmiddag na veldvrugte in bosse en tuine – soos hierdie wilde moerbeie.

# FOTO-*idees*

Idee 5: Laat hierdie foto jou inspireer tot unieke kombinasies van mens en natuur.



(Foto: Tineké van der Walt)

Ons het verlede maand begin met 'n nuwe inisiatief naamlik om ons lesers geleentheid te gee om van hul beste foto's te publiseer en om iets van hul belewenis daaromtrent te deel.


Jy word dus hiermee uitgenooi. Ons stel die volgende as algemene riglyne:

- Stuur 10 van jou beste foto's in met grootte ongeveer ½ MB. Daaruit sal 'n keuse van tot 6 foto's vir publikasie gemaak word.
- Kies die foto's só dat dit ongeveer dieselfde tema het. Die tema kan wyd wees – daar is geen beperking op die fotomateriaal nie.
- Indien nodig, verkry skriftelik tœstemming vir die plasing van mensfoto's in Fotografienuus.
- Stuur 'n beskrywing van 200-250 woorde oor enige aspek rakende die foto's of jou persoonlike belewing daarvan.

# *Mini-galery*

## VAN SKEWE HORISONNE TOT ABSTRAKTE EN IMPRESSIONISTIESE FOTO'S

Lallie Campher, Ventersdorp, Noordwes




## SKEWE HORISONNE

Met die terugblaai deur my foto's het ek weer my skewe horison-natuurfoto's opgemerk. So het ek besef dat ek jare terug al daarvan gehou het om nie-realistiese foto's te neem.

LALLIE CAMPHER





Soutdriehoek

## ABSTRAKTE FOTO'S

Ek hou daarvan om van die werklikheid abstrakte foto's te neem. En dit is vir my 'n heerlike lekker uitdaging.

LALLIE CAMPHER





## IMPRESSIONISTIESE FOTO'S

Die kunstenaar Turner se skilderye was my eerste kennismaking met impressionisme. Ek was dus baie bly tœ ek van dœlbewuste kamerabeweging-foto's bewus geraak het.
Dit verskaf ure se speelpret – met altyd die hoop dat daar van die baie pogings wel 'n paar foto's is waaroor ek baie opgewonde kan wees.

LALLIE CAMPHER

